

Global STS Meter (Voorafbetaalde meter) verandering benodig

STS-voorafbetaalde meters gebruik geënkripteerde *tokens* om eenhede wat gekoop is na die meters oor te dra volgens die STS-standaarde en industrie riglyne. Elke *token* is geënkodeer met 'n unieke *Token Identifier* (TID), wat 'n beperkte reeks het en op 24 November 2024 sal opraak (omrol).

Na hierdie datum sal alle STS-voldoende meters ophou om kredietbewyse te aanvaar, tensy 'n ingryping plaasvind. Dit impliseer dat al hierdie meters die *TID Rollover Key Change* met nuwe basisdatum voor die genoemde datum moet ontvang.

Versuim om betyds op te tree kan lei tot die staking van inkomste uit voorafbetaalde elektrisiteit. Daarbenewens het die impak op verbruikers wat nie in staat is om elektrisiteit op die meter te laai nie.

Gereelde vrae (voorafbetaalde elektrisiteitsmeter-sagteware-opdatering (Token-Identifikasie-Opdatering – TID))

1. Waarom moet voorafbetaalde elektrisiteitsmeters opgedateer word?

Die huidige voorafbetaalde elektrisiteitsmeter sagteware sal in 2024 vir alle voorafbetaalde elektrisiteitsmeters in Suid-Afrika verval.

Voorafbetaalde meters moet opgedateer word, anders sal jy nie jou meter met nuwe *tokens* kan herlaai nie en jy sal nie kragtoevoer hê nie.

2. Watter meters moet opgegradeer word?

Alle voorafbetaalde elektrisiteitsmeters in Suid-Afrika. Die munisipaliteit het 49 500 voorafbetaalde meters.

3. Teen wanneer moet meters opgedateer word?

Teen Desember 2024, en dit sal in fases gedoen word.

4. Hoe verifieer ek of 'n persoon wat na my huis kom om my te help met 'n opdatering van die Munisipaliteit is?

Ons sal alle Covid-19-gesondheids- en veiligheidsprotokolle volg en ons spanne sal identifikasie- en Ontec-werkversoeke dra. Klante kan die munisipaliteit by 044 801 9222 of Ontec skakel vir verifikasie by 044 873 5474.

5. Indien ek in lyn is vir die munisipale deurlopende metervervangingsprogram (om ou infrastruktuur te vervang), sal die nuwe meter aan sagteware voldoen sodra dit geïnstalleer is? Sal dit 'n opdateringskode nodig hê?

Alle nuwe meters wat geïnstalleer is, sal uiteindelik opgedateer word, maar ons werk nou deur ouer voorraad. Ouer voorraad, al is dit nuut geïnstalleer, sal opgedateer moet word. Die nuwe voldoen-gereed meters is nou in die munisipaliteit voorraad winkels. Van die veldpersoneel is reeds besig om die meters op te dateer as hulle op die terrein 'n meterverandering of terreininspeksie doen.

6. Sal my ou ongebruikte tokens steeds werk na die opgradering?

Nee, alle ou tokens moet ingevoer word voordat die opdatering voltooi word.